

Sondag 13 Maart

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-8

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 2:5 (NAV)

Ons enigste troos: Ons verlossing deur Christus alléén

Wie bid nie vurig vir verlossing van roekelose dierbares nie? Paulus leer hier egter om baie wyer te bid. Om vir almal wat verlore is, te bid.

Die verlore wêreld was blykbaar nie vir Efese belangrik nie. Hoofstuk 1 dui reeds strominge in die gemeente aan. 'n Groep Jode wat geglo het verlossing was net vir dié wat streng by Moses se wet en die gebruike van die Ou-Testamentiese kultus gehou het. 'n Ander elite groepie het gemeen die evangelie was net vir hulle wat 'n hoër, meer mistieke kennis bonatuurlik ontvang het.

Die gemeente het só na binne gefokus dat hulle skoon van hulle gelowige roeping vergeet het: om sout, lig, suurdeeg vir die wêreld te wees. Dat die kerk Christus se kragtige uitsaaistase, episentrum is vanwaar die Gees die evangelie van verlossing laat uitkring.

Daarom Paulus se klem op die noodsaak van missionêr-gerigte gebed: “Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense ...” (vs 1). Want “so is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom” (vs 3, 4). “Daar is immers net een God; een Middelaar tussen God en die mense ... Christus Jesus ...” (vs 5).

Dis die warm hartklop van die evangelie – en van die gelowige se roeping teenoor die wêreld.

Sing: Psalm 51:6

Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)